SOUTHERN AFRICAN POULTRY ASSOCIATION
SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING
Founded 1904 / Gestig 1904

VERSLAG VAN DIE BESTUURSKOMITEE

VOORSITTERSVERSLAG

2010

VOORGELÊ DEUR MARIUS GERICKE

BY DIE 105DE SAPV KONGRES
GEHOU OP DINSDAG, 31 MEI 2011
TE EMPERORS PALACE, GAUTENG

INLEIDING

Die pluimveebedryf het ’n uitdagende sakeomgewing beleef. Daar was die afgelope paar jaar ’n mate van verligting deurdat maatskappye ’n verbetering in hul finansiële resultate getoon het. Die regering het aangedui dat hy oor die volgende 10 jaar vyf miljoen werkgeleenthede wil skep, en hoe welkom hierdie aankondiging ook al is, hoop mens dat dit skepping van werklike werkgeleenthede sal wees en nie werkskepping deur wetgewing nie. Indien dit op ’n volhoubare grondslag bereik kan word, hou dit veel goeds vir die bedryf in, aangesien pluimvee en eiers steeds die mees bekostigbare bron van proteïen is vir die grootste gedeelte van die bevolking. Daar was ook vanjaar negatiewe publisiteit rondom die pluimveebedryf wat pluimvee-herverwerking en soutoplossing-inspuiting betref, en ons sou graag wou gesien het dat mediaverslaggewing op feite gegrond was eerder as op sensasie om hul verkope te verhoog.

STAND VAN DIE BEDRYF

Die bruto plaasinkomste uit pluimveevleis vir die 2010-tydperk (soos deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye [DLBV] aangeteken) was R22,940 miljard en uit eiers R6,658 miljard. Die gekombineerde bruto pluimveeplaasinkomste vir 2010 was R29,598 miljard. As produsente maak ons die grootste segment van SA-landbou uit teen 23% van alle landbouproduksie vergeleke met die 24% in 2009, en 45% van alle diereprodukte in Suid-Afrika (in Randterme) vergeleke met die 48% in 2009. Die bees- en kalfbedryf is die tweede grootste teen 11,6% van landbouproduksie en 23% van diereproduksie.

Die pluimveebedryf kan steeds daarop aanspraak maak dat hy die nasie voed. Meer pluimveeprodukte word jaarliks verbruik as alle ander diereproteïenbronne gesamentlik. Die jaarlikse per kapita-verbruik van pluimveevleis in 2010 was 32,96 kg en van eiers 8,48 kg, 'n gekombineerde jaarlikse per kapita-verbruik van 41,4 kg. Vergeleke met pluimveevleis, was die jaarlikse per kapita-verbruik van beesvleis 17,65 kg, van varkvleis 4,58 kg en van skaap- en bokvleis 3,16 kg.





Algehele pluimveeverbruik in 2010 was 2,109 miljoen ton (pluimveevleis en eiers), 24,4% meer as die gekombineerde verbruik van bees-, vark-, skaap- en bokvleis van 1,282 miljoen ton oor dieselfde tydperk.

Die pluimveebedryf verskaf 62,2% van alle plaaslik geproduseerde diereproteïne wat in Suid-Afrika verbruik word.

Verbruik in SA van wit- en geelmielies is altesaam ongeveer 9,334 miljoen ton, waarvan sowat 4,627 miljoen ton vir veevoerverbruik aangewend is. Die pluimveebedryf verbruik meer as ongeveer 2,75 miljoen ton mielies (30% van alle mielieverbruik in Suid-Afrika) in ons voere. Die meeste van die mielies in die huidige seisoen in die dierevoerbedryf verbruik, was steeds geelmielies, hoewel witmielies ongeveer 7% van die algehele mielieverbruik in die voerbedryf uitgemaak het.



VOERVERKOPE

Ons bedryf bly die hoofkliënt van die Vereniging van Veevoerverenigings (AFMA). Volgens hul jaarverslag vir die tydperk April 2009 tot Maart 2010 het die pluimveebedryf 72% van hul produksie van ongeveer 5,488 miljoen ton voer verbruik, waarvan 3,96 miljoen ton voer deur AFMA-lede verskaf is, en dit het bestaan uit sowat 90% van die algehele verbruik deur die pluimveebedryf. Die balans van ongeveer 0,4 miljoen ton word deur nie-AFMA-lede verskaf. Dit maak sowat R12 miljard van AFMA se omset uit.

LIDMAATSKAP

Huidige lidmaatskap van die SAPV se vier bedryfsorganisasies is as volg:

Braaikuikens 37

Eiers 47 (106 indien individuele lede van koöperasies ingereken word)

Kuikens 32

OPBO 91

SIEKTEVERSLAG

- **Aanmeldbare voëlgriep (AAI)**

Die SAPV in samewerking met die DLBV neem deel aan die nasionale aanmeldbare voëlgriep (*avian influenza* - AAI)-opnames en ons kan sê dat ons negatief vir die H5N1-stam is. Deur die deelname van pluimveeprodusente kon ons in hierdie opname die meerderheid produsente dek. Dié opnames word sesmaandeliks gedoen en ek moedig alle produsente aan om daaraan deel te neem.

Die mees onlangse verslag het altesaam 859 plase ingesluit:

- 256 lêhenplase, insluitend lêhenbroeiers en lêhengrootmaakplase
- 603 braaikuikenplase, insluitend braaikuikenbroeiers.

Dit beloop 27 minder lêhenplase en 47 meer braaikuikenplase, 'n gekombineerde totaal van 20 meer plase as waaroor voorheen gerapporteer is.

Die opname het 95% van pluimveeplase in Suid-Afrika ingesluit. Dit is 'n groot prestasie aangesien ons nou in 'n baie beter posisie is om enige siekte uitbraak, nie net van AAI nie, maar ook van enige siekte te hanteer deurdat 'n baie beter kaart van plaaslike produksiestandplase beskikbaar is. Aangesien siekterisiko aan besmette standplase gekoppel is, fokus die toesigspan nou op kleiner produsente. Neem asseblief deel aan hierdie program tot voordeel van ons almal.

- **Newcastle-siekte**

Die Tegniese Komitee het inligting aan die DLBV verskaf, wat die Newscastle-protokol hersien het wat betref die uitbraak van Newcastle-siekte, en hierdie dokument is op die SAPV-webwerf beskikbaar.

- **Protokol vir Salmonellavermindering**

Die SAPV se Tegniese Komitee wag steeds vir terugvoer van die staat oor die finalisering van hierdie protokol. Implementering van ’n plan vir Salmonellavermindering kan ernstige implikasies vir ons sake-ondernemings inhou, dus sal ons gesamentlik by die staat betrokke wees oor hierdie plan.

INVOERE



Brasiliaanse invoer van pluimveeprodukte in verskeie vorms het gedurende die jaar 'n groot bron van kommer gebly, met ’n styging in invoer in die algemeen van 14,9% teenoor 2009-syfers. 73% van alle pluimvee invoer is uit Brasilië en 10,3% uit Argentinië afkomstig.



SAPV- STRATEGI[illegible]

Nog ’n strategiese beplanningsessie is gehou oor die statutêre heffing om te verseker alle rolspelers kan ’n inset lewer oor die aanwending van die heffing. Die bestuurskomitee het ook die NLBR genader om die persentasie jaarlikse verhoging van 10% na 5% te verminder. Sekere temas vir strategiese optrede is by die eerste strategiese sessie geformuleer onder die ses hoofafdelings waaronder die heffingsaansoek gedoen is. Die temas vir optrede is by die tweede strategiese sessie herbevestig. Aangesien Kevin Lovell die heffing in ’n afsonderlike aanbieding gedurende die kongres hanteer, brei ek nie verder uit op die kwessie nie.

Opleiding

Die SAPV/KZNPI (KwaZulu-Natalse Pluimvee-instituut) het suksesvolle opleidingskursusse aangebied. Die SAPV/KZNPI-kursusse maak voorsiening dat krediete verwerf kan word vir die behaling van ’n nasionale kwalifikasie. Ons nooi pluimveeprodusente om gebruik te maak van hierdie uitstekende kursus deur die KZNPI; dit sal nie slegs tot die individu, maar ook tot die borgmaatskappy se voordeel strek, aangesien vaardigheidstekorte in die pluimveebedryf ’n werklike bedreiging vir die kompeterendheid van die bedryf is. ’n Nuwe opleidingslandskap het ontstaan, wat in die afsienbare toekoms ’n uitwerking op opleiding sal hê. Die vorige wet het voorsiening gemaak vir die behaling van Eenheidstandaarde, terwyl die nuwe wet sal verander om aan ’n beroepsprofiel te voldoen. Die SAPV is besig om die opleidingskurrikulum by die nuwe standaarde aan te pas, asook om die geskikte persone te betrek om te verseker dat krediete wat verwerf is, nie verlore gaan vir individue wat die vorige kursusse voltooi het nie. Opleiding word weer in Augustus in Gauteng aangebied, in September in die Wes-Kaap en in Oktober in KZN. Opleiding word ook op pluimveeplase aangebied.

Skakeling met belangegroepe

Die SAPV, deur die hoofbestuurder, is aktief besig om die regering te betrek in ’n poging om te verseker dat die Vleisveiligheidskema, wat onafhanklike vleisinspeksie sal insluit, lewenskragtig, implementeerbaar en bekostigbaar vir braaikuikenprodusente is.

’n Brief van voorneme is in Desember 2010 met die Universiteit van Pretoria onderteken om die Eenheid vir Pluimveesiektebestuur (PSBE, voorheen PSBA) te herdoop, asook vir die vestiging van ’n Stoel in Pluimveenavorsing.
Die Departement van Gesondheid asook die DLBV is aktief betrek in ’n poging om die regulasies oor smaakverbetering te verbeter.

FINANSIËLE SAKE

Ek behandel nie finansiële sake in die voorsittersverslag nie aangesien dit afsonderlik by Kongres ter tafel geneem word. Ek kan met genoeë rapporteer ons het nou vier agtereenvolgende ongekwalifiseerde ouditverslae gehad. Die SAPV is bewus daarvan dat ons die heffingsgeld binne ’n sekere tydraamwerk moet aanwend, maar is ook akuut bewus dat die geld aangewend moet word soos oorspronklik versoek in die heffingsaansoek deur die bedryf. Dit duur ‘n ruk voordat hierdie projekte geïmplementeer word aangesien nuwe kapasiteite geskep en die relevante vennote gekoöpteer moet word om hierdie mandaat te vervul.

TEGNIESE KOMITEE

Die herstrukturering van ’n nuwe Tegniese Komitee met die ondersteunende subkomitees het goed begin funksioneer.

In die lig van die Wet op Verbruikersbeskerming sal deelname van ’n organisasie soos die SA Nasionale Verbruikersraad sinvol wees. Positiewe samesprekings hieroor met die DLBV en die Departement van Gesondheid vind plaas, met aansienlik vordering om gemene grond te vind.

Die geleentheid om spesifieke kwessies eie aan produksiepraktyke in die RSA na te vors, kan nou in die vooruitsig gestel word. Die vestiging van ’n stoel aan die Fakulteit Landbouwetenskap, Onderstepoort om sulke navorsingsprojekte te bestuur, word in die vooruitsig gestel.

Deur die Eenheid vir Pluimveesiektebestuur kan toepaslike opleiding van pluimveeartse en ondersteunende tegnici binnekort realiseer om in die bedryf se behoeftes te voorsien.

BEDRYFSKODE

Die nuwe en opgedateerde Bedryfskode sal vir goedkeuring by kongres ter tafel gelê word. Dit berus by elke produsent om te verseker dat produksiestandaarde vir pluimvee en eiers volhou word, om sodoende te verseker dat die kopers van hierdie produkte glo in die veiligheid en waarde wat hulle uit die aankoop verkry.

DIE PAD VORENTOE

DIE SAPV-kommunikasieprogram sal (as ’n gedeelte daarvan) ’n Verbruikersinskakelingsforum insluit, wat verbruikersorganisasies, joernaliste en ander belangepartye sal betrek. Die forum sal poog om die pluimveebedryf aan die relevante partye te kommunikeer om daardeur voort te bou op die waarde wat hoender en hoenderprodukte vir die verbruiker bied. Die eerste vergadering word vir 2011 beplan.

Die *Pluimveebulletin* het weer in Junie 2010 tot die kraal van die SAPV teruggekeer, met goedkeuring deur die bedryf van die nuwe formaat. Die SAPV is deeglik bewus dat verbeterings aan die publikasie aangebring kan word, en nooi graag die bedryf om terugvoer te lewer oor hoe die *Bulletin* verbeter kan word sodat die *Pluimveebulletin* in staat te stel om beter aan die bedryf se behoeftes te voldoen.

Die SAPV is ook bly om die volgende nuwe werknemers te verwelkom en wens hulle die beste toe in hul nuwe poste:

Masanda Peter, handelsmerkbestuurder
Moses Modise, OPBO-koördineerder
Ronel du Plooy, kantoorbestuurder
David Hughes, projekbestuurder.

Die SAPV verloor ook een van sy steunpilare van baie jare met die aftrede van Maarten de Kock. Maarten het ingestem om ons gedurende die oorgangstydperk te help om te verseker dat oorhandiging aan die nuwe SAPV-werknemers glad verloop. Ons opregte dank aan Maarten vir sy jare lange bydrae en gewilligheid om sy aftrede in hierdie SAPV-oorgangstydperk uit te stel.

Die bedryf floreer al baie jare in goeie tye en oorleef in slegte tye. Die veranderende omgewing waarin die produsent hom vandag bevind, vestig 'n behoefte om hierdie uitdagings gesamentlik deur ’n bedryfsliggaam die hoof te bied. Ek bedank graag alle lede wat in goeie en slegte tye die pluimveebedryf ondersteun het deur hul deelname aan die onderskeie SAPV-komitees. Ek nooi graag produsente wat nie tans lede van die SAPV is nie, om hande te vat met medeprodusente deur by die SAPV aan te sluit, sodat die bedryf bedryfskwessies kan aanspreek as verteenwoordigende liggaam van alle produsente.

Baie dankie.